

16 Oktober

Skrifgedeelte: Lukas 10:1-3, 16-21

Fokusgedeelte: Lukas 10:1-3

Word deel van die 70, bid vir meer en gaan self!

Die 70 (of 72 dan) dissipels wat Jesus uitgestuur het, laat 'n mens nogal dink aan Moses se 70 waarvan ons gister gelees het. Daar is eerstens 'n breër visie en tweedens 'n ruimer opdrag. En dan ook die getal 70.

Die breër visie kry ons deur hulle opdrag met die uitstuur van die 12 apostels te vergelyk. Matteus sê dat die 12 spesifiek gestuur is *“na die verlore skape van die volk Israel toe”* (Matt. 10:6). Hulle opdrag was om die dorpe van die Samaritane te vermy. Maar die 70 is uitgestuur *“na elke dorp en plek waarheen Hy van plan was om te gaan”* (Luk. 10:1). Ja, ons opdrag begin by die eie huis, maar dit eindig nie daar nie. Wie saam met Jesus op weg is en deur sy Gees gelei word, sal vind dat ons *“uit wydste kringe”* van die nood vir die evangelie van God bewus word. Vernuwung in ons geloof en in ons bedieninge vereis visionêre leierskap wat ons aanmoedig om die goeie nuus werklik onder alle volke te versprei.

Saam met die breër visie kom *die ruimer opdrag*. *“Bid dan ...”* en: *“Gaan nou!”* sê die Here Jesus. Te maklik verstaan ons hierdie opdrag asof die een klomp moet bid en die ander moet gaan. Nee, dieselfde 70 wat moes bid, moes ook gaan. En die aanmoediging wat hulle ontvang, nie juis rooskleurig nie: *“Ek stuur julle soos lammers tussen wolwe in.”* Die geskiedenis leer ons dat hierdie woorde maklik na *“soos wolwe tussen lammers in”* omgedraai word. As Hy, *“die Lam van God”*, ons aanmoedig om self *“soos lammers”* te wees, dan sê dit baie vir die persoonlike voorbereiding van elkeen wat in diens van God staan.

En dit bring ons by die 70. 'n Getal met simboliese betekenis. God se volmaakte span, nie omdat ons vanself volmaak is nie, maar omdat God ons met die krag en toerusting van sy Heilig Gees vol maak, sodat selfs die geeste van hierdie wêreld hulle aan ons onderwerp. En as ons twyfel geld die volgende ook vir ons: *“Die Gees wat God ons gegee het, maak ons immers nie lafhartig nie, maar vul ons met krag en liefde en selfbeheersing”* (2 Tim. 1:7).

Sing: Psalm 72:1, 10, 11 (1936)

Ds. JA (Johan) Schutte (Sasolburg)